**22 LAOS** Die Laosiaanse Kerk staar twee groot gevare in die gesig: swak leierskap en vatbaarheid vir valse lering. Om te help met hierdie groeiende gevare lei Geopende Deure Hmong-kerkleiers op om die Kerk te dissipel en dit te beskerm van dwaalleer. Bid dat hierdie pogings tot dissipelskap die Kerk sal versterk en help om volwasse Christene te kweek.

**23** Dank God vir Sy voorsiening van 200 MP3-spelers met Bybel-leringe en aanbiddingsliedere wat vroeër hierdie jaar aan Christene in Laos versprei is. Bid dat die wat hierdie spelers ontvang het, dit sal gebruik om hul geloof te koester en om die Evangelie in hul land te versprei.

**24 INDONESIË** Hou asseblief aan om te bid vir fisieke en emosionele herstel van alle slagoffers van die bomaanvalle op kerke; in November 2016 in Samarinda en in Mei 2018 in Surabaya. Bid vir krag en geduld vir families en vriende wat die beseerdes ondersteun – mag almal God se vertroosting ervaar.

**25 VIËTNAM** Meeste Christene van ŉ etniese stamagtergrond in Viëtnam is arm en ongeletterd vanweë beperkte toegang tot basiese regeringsdienste, wat vererger word deur geografiese ligging en vooroordeling. Dit alles maak dit moeilik vir hulle om werk te vind, ŉ opvoeding te ontvang en om toegang tot ander maatskaplike dienste van die regering te verkry.



**26 MIANMAR** Daw Seng*, ŉ interne ontwortelde Christen wat ŉ Bybel ontvang het deur ons Bybelverspreiding-projekte, het gesê, "Dit is vir my ŉ bron van lewe en hoop." Bid dat baie meer mense ŉ Bybel sal kan ontvang om in hul geloof versterk te word.

**27 NEPAL** Bid vir Srijana* van Nepal wie se ouers haar verbied het om kerk toe te gaan en haar gemartel het oor haar geloof. Sy het haar huis verlaat, maar gaan deur ŉ baie moeilike tyd. Bid dat God in al haar behoeftes sal voorsien.

**28 INDIË** Bid vir pastoor Kiran* en Ramesh* in die ooste van Indië. Vroeër die jaar, terwyl hulle ŉ aanbiddingsdiens gelei het, het ŉ paar Hindoe-ekstremiste hulle aangeval en paniek onder die kerkgangers gesaai. Bid vir hierdie pastore se beskerming namate hulle aanhou om die Here en die Kerk te dien te midde van toenemende vervolging.

**29 CHINA** Ma*, ŉ Gelowige vanuit ŉ Boeddhistiese Agtergrond, ervaar konstante vervolging van haar familie en gemeenskap. Sy word blameer vir enige teëspoed wat die dorpie ervaar. Sy voel alleen en asof sy misverstaan word. Bid dat God haar met ander gelowiges in aanraking sal bring en dat sy Sy bemoediging sal ervaar.

**30 TADJIKISTAN** Sendelinge hou weeklikse dienste by ŉ sentrum vir gestremde mense wat geen familie het om vir hulle te sorg nie. Toe baie van die mense by die sentrum Christus aanvaar het, het die nuwe Moslemdirekteur van die sentrum gedreig om plaaslike burgers wat die byeenkomste bywoon uit die sentrum te skop. Bid vir wysheid vir die wat steeds wil gaan, maar bang is om uitgeskop te word.

**31 MALEDIVE** Prys die Here vir bedieningsgeleenthede onder Maldivers wat buite hulle land woonagtig is. Bid dat die Christene rondom hulle ŉ verantwoordelikheid sal voel om hierdie Maldivers met die Evangelie te bereik.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362**
**E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za**

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



**"Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie." –Deuteronomium 31:6 (1983)**

**Desember 2018**

**1 LIBANON** Verskeie Christen-vervaardigers van radió en TV-inhoud werk vanuit Libanon, en bereik die res van die Midde-Ooste. Bid asseblief vir die Here se seën oor die ontwikkeling van hierdie inhoud, en dat mense deur elke uitsending bereik sal word met die liefde van Jesus.

**2 IRAK** Party ontwortelde kinders in Irak kan nou terugkeer skool toe – bid dat hulle van krag tot krag sal gaan. Ander ontwortelde kinders is nog nie in staat om terug te keer skool toe nie en het groot leemtes in hul opvoeding – bid ook vir hulle.

**3 SIRIË** In sommige areas van Sirië word daar herbou, maar om een huis te herstel, herstel nie ŉ hele stad nie, en nog minder ŉ land. Bid dat die internasionale gemeenskap aandag sal gee aan en sal help met Sirië se pogings om te herbou.



**4 JEMEN** Bid saam met hierdie Jemeniet, "Here, ons God, stel ons in staat om U tye te onderskei… Ons is in hierdie land om U te vereer, om ŉ getuie te wees van U liefde en vergifnis. Gee ons waagmoed en deursettingsvermoë om vas te staan in U naam en op U beloftes… Amen."

**5 SAOEDI-ARABIË** Peter* is ŉ Christen en woon in ŉ afgeleë streek van Saoedi-Arabië. Daar is tye wanneer hy in sy geloof twyfel… Bid dat hy spesiaal bewus sal wees van die Here se teenwoordigheid en heerlikheid gedurende daardie tye van onsekerheid.

**6 IRAN** Selfs al is alkohol en dwelms onwettig in Iran, is verslawing aan hierdie middels ŉ reuse probleem. Ander vorme van verslawing word ook al hoe meer algemeen, veral onder diegene onder 30. Bid dat verslaafdes vryheid en genesing in Christus sal vind.

**7 LIBIË** Bid vir gelowiges van Afrika wat in Libië woon, party reeds vir dekades. Hulle is onder ontsaglike druk, vanweë beide hul velkleur en hul Christelike geloof. Bid vir hulle beskerming in hierdie moeilike situasie.

**8 ALGERIË** Sedert die einde van 2017 ervaar die Kerk in Algerië ŉ voortdurende vlaag van vervolging wat swaar op die skouers van die kerkleiers rus. Bid vir krag vir hierdie kerkleiers en vir wysheid oor hoe om op die druk te reageer.

**9 SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK** In September is 14 Christene, insluitende ŉ swanger vrou, brutaal deur Moslem eks-Seleka militante vermoor. Bid vir krag en vertroosting vir die wat geliefdes verloor het, en vir die geaffekteerde Christengemeenskap wat aanhoudend deur eks-Seleka faksies geterroriseer word.

**10 NIGER** Pastoor Saidou staar baie druk in die gesig vanweë sy entoesiasme om die Evangelie te verkondig. Hy moes onlangs in die hof verskyn op aanklagte van ontvoering en breinspoeling van ŉ jong man wat hy na Christus gelei het. Hy is onskuldig bevind, maar bid vir die Here se bemoediging vir pastoor Saidou en sy familie na die moeilikheid wat hulle ervaar het.

**11 KAMEROEN** Twee buurvroue en vriende, Sarah en Hannah, het hulle mans verloor toe Boko Haram vroeër hierdie jaar hul dorpie aangeval het. Bid vir God se vertroosting, genesing en voorsiening vir hulle en hul kinders.

**12 IVOORKUS** Elie, ŉ jong Christenman, is deur ŉ paar jeugdiges aangeval nadat hy geweier het om aan sy gemeenskap se tradisionele geloofsrituele deel te neem. Bid vir sy herstel en dat die wat hom vervolg, deur sy getuienis, tot geloof in Jesus sal kom.

**13** Toe Sidoine ŉ tradisionele Afrika-geloof agtergelaat het om ŉ Christen te word, was sy tannie en ander woedend en het hom daarvan beskuldig dat hy hulle verraai het. Hulle het al menigmale probeer om hom te vermoor. Bid dat hy die Here se beskerming sal ervaar en dat hy nie deur vrees regeer sal word nie, maar voortdurend in sy geloof sal groei.

**14 UGANDA** Esther* (13) is gebore in ŉ Moslemfamilie en het haar lewe vir Christus gegee nadat sy ŉ Christelike konferensie vir kinders bygewoon het. Haar Moslem-ooms maak die lewe baie moeilik vir haar en het haar in ŉ Moslemskool gesit. Sy glip weekliks uit om kerkdienste by te woon. Bid vir die Here se beskerming oor Esther en vir die saligheid van haar ooms.

**15 TANZANIË** In Zanzibar, Tanzanië, groei die invloed van radikale Moslems. Vyf pastore staar regsaksie in die gesig vanweë hierdie groeiende invloed. Bid dat elkeen van hierdie pastore geregverdig sal word en dat die Kerk sal floreer ten spyte van die teenstand.

**16 MALEISIË** Kom ons hou aan om te bid vir vermiste Raymond Koh, Amri Che Mat, en Joshua en Ruth Hilmy om met hul geliefdes herenig te word. Bid vir deurbraak in die voortdurende ondersoek na hul verdwyning.

**17 BROENEI** Christene vrees dat hulle hul vryheid en materiële welstand sal verloor wanneer hulle uitreik na Moslems in Broenei. Terwyl Islamisering die aantal Christene in die land verklein. Beide bedreig die voortbestaan van die Kerk. Bid vir pastore en leiers om wakker te skrik en voor te berei vir die komende storm.

**18 BANGLADESJ** Razaul Islam (35) is ŉ kerkleier in Bangladesj wie onlangs leierskapsopleiding, geborg deur Geopende Deure, bygewoon het om meer vaardig in die bediening te wees. Bid dat God Sy Koninkryk sal bou deur Razaul en baie ander soos hy.

**19** Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond, wat in afgeleë en landelike areas woon, word die meeste geraak deur vervolging en isolasie in hul gemeenskappe. Bid vir sterk leiers in hul klein gemeentes om te verseker dat die Kerk sal aanhou voortbestaan en groei, ten spyte van die moeilike omstandighede.

**20 SUIDELIKE FILIPPYNE** Bid vir Christene in die Suidelike Filippyne te midde van bedreigings van ontvoering en bomaanvalle. Dié gebeur so gereeld dat baie mense afgestomp geraak het vir die gevare – bid dat hulle waaksaam sal bly en onderskeiding sal hê, maar sonder om toe te gee aan vrees.

**21 BHOETAN** Bid dat die verdrukkende geestelike mure om Bhoetan sal verkrummel en val. Mag die geestelike oë van die Bhoetanese oopgaan en hulle harte versag en voorberei word om die lig van die Evangelie te hoor en te aanvaar.